# GEMERK DEUR GIGI!

## Ons ken haar as Gigi, die blonde ontkleedanseres wat die mans op hulle boude brandmerk, maar Gigi is besig om haar merk ook op ander, meer konserwatiewe verhoë te maak.

deur Snake Plisken

Dit het alles begin met Alexander Strachan se toneelstuk *Hartebees* wat 'n ruk terug by die Kunstefees op Oudtshoorn opgevoer is. Gigi speel 'n rol daarin en doen ook op 'n kol 'n ontkleedans.

Natuurlik het dit die tonge laat bewe en vir die eerste keer in 'n lang tyd was daar weer in koerante onderhoude met 'n ontkleedanseres gewees.

Maar die indruk wat geskep is, was verkeerd. Dis nie asof Gigi, die ontkleedanseres nog nooit toneel gespeel het nie. Dis ook nie asof sy net daar op die verhoog gaan spring het om haar klere uit te trek nie.

Nee, Gigi het drama geswot op Stellenbosch en het haar graad gekry. Sy het vir TRUK en KRUIK gewerk as aktrise vóór sy ontkleedanseres geword het.

Ek het haar oor haar lewe uitgevra toe sy by ons kantoor in Johannesburg ingeloer het.

**Snake:** Vertel meer oor die toneelspelery, Gigi.

**Gigi:** Ek het drama geswot. Ek het 'n graad in drama. Ek het vir TRUK en KRUIK gewerk en ons het die voorgeskrewe skoolwerke gedoen. Al die voorgeskrewe werke vir Standerd Agt, Nege en Matriek. Daai tyd het jy jou kombi gekry en jy is van die Windybrow afgery en jy het jou spelery gaan doen en jy het oorgeslaap in Secunda, of een van hierdie plekke, en dan het jy gespeel vir hierdie driehonderd of meer kinders. En dit is wat ek gedoen het vir omtrent 'n jaar.

**Snake:** En die dansery?

**Gigi:** Ek het gedans by Ceasar's Palace. In daai dae het hulle die choreograaf-shows gehad. Nipple-caps met die costume so half deuskynend, né. Toe het ek gewerk vir Sun International en al die klein Sun International venues gedoen - Venda Sun en Windhoek en so aan.

**Snake:** Watter jaar was dit nou gewees?

**Gigi:** Uh, '91. Dit was net voor die nuwe regering gekom het en toe het alles begin verander.

**Snake:** En hoe het dit nou gebeur dat jy in Strachan se play beland het?



*Sy was eers 'n brunette, sê Gigi.*

**Gigi:** Ek het saam Ben Kruger 'n fliek gemaak wat November-maand vrygestel word. Die fliek se naam is *Gates to Cleaveland Road* en Grethe Fox en Frank Opperman speel ook daarin. Frank speel soort van 'n dom PI en op die einde raak ek verlief op hom. Ek is die mafia-baas se bimbo-girlfriend. En dis wonderlik om saam met Frank te werk. Hy't soveel talent, daai man. Die man is net snaaks. Sy timing is so goed. Maar in elk geval, Ben Kruger is ook in Strachan se toneelstuk. En in die toneelstuk is daar hierdie ontkleedanseres wat getroud is met die regter en hulle het toe aan my gedink vir die rol, omdat ek ook 'n ontkleedanseres is. Dit het die verkeerde reaksie uitgelok oor die ontkleedans, maar dis nie waaroor dit gegaan het nie. Die ontkleedanseres is 'n sterk karakter. Sy staan op teen haar man.

**Snake:** So, jy reken Strachan het geweet wat hy skryf?

**Gigi:** Die toneelstuk is 'n vergelyking tussen die wildjagter, die trofee-vrou. En Alexander ken die wild-aspek baie goed en hy het gegaan na strip-clubs vir navorsing om die karakter van Liesel te ontwikkel. Waaroor dit eintlik gaan, is die regter is 'n puris, hy skiet met een skoot. Met een skoot gaan jag hy. En dan het hy hierdie trofee-vrou. Maar die mans op die plaas kom agter sy was 'n ontkleedanseres. Maar sy is slimmer as wat hy gedink het. Sy vergelyk hierdie trofees wat hy het, hierdie bokke met die glasoë, en dan sê sy vir hom, dis hoe jy my eintlik wil hê. Sonder 'n opinie.

**Snake:** Ongelukkig in sommige dele van die media is idee geskep dat jy nie baie woord het nie . . .

**Gigi:** (Lag) Alexander het ook nie geweet dat ek opgelei is as aktrise nie. Hy het gedink ek is net 'n danseres. Hy was baie bekommerd. "Gaan jy al hierdie lyne kan leer?" Maar ons het baie lekker saamgewerk. Hy is 'n stunning man.

**Snake:** Het jy Strachan vooraf geken?

**Gigi:** Nee, maar ek het sy boek *Die Jakkalsjagter* gelees. Maar ek het hom nie geken nie.

**Snake:** Wat dink jy van die kritiek wat daar teen die stuk was?

**Gigi:** Dit was 'n bietjie heftig. Die ding